

JAARVERSLAG 2009

DIE INSTITUSIONELE FORUM

Die Institusionele Forum (IF) is 'n adviesliggaam wat, ingevolge die Wet op Hoër Onderwys (Art. 31(1) van Wet 101 van 1997), die Raad van advies bedien oor beleidsaangeleenthede, inbegrepe die uitvoering van die bogenoemde wet en die Nasionale Beleid op Hoër Onderwys.

Die bedrywighede van die IF bestaan uit vergaderings waar advies aan die Raad oorweeg word, sowel as gespreksgeleenthede tussen die uitvoerende komitee van die IF en die bestuurspan van die universiteit. Die IF lede word ingedeel in drie taakgroepe – naamlik Diversiteit en Billikheid, Institusionele Beplanning en Institusionele Kultuur. Die taakgroepe ondersoek bepaalde sake wat aan hulle toegewys word en doen verslag aan die IF.

Samestelling

Die Institusionele Forum bestaan uit agt-en-twintig lede, sewe elk uit die volgende vier groeperinge:

Beheer- en Bestuursektor

Personeelsektor

Studentesektor

Gemeenskapsektor

Die verkiesingsprosedure van IF lede is in die huidige termyn aangepas sodat universiteitspersoneel oor 'n breë front kon deelneem aan die verkiesing van lede vir die nuwe IF termyn.

Verslag van die Institusionele Forum die werksaamhede van 2009

1. In die 2009-verslagjaar het die IF oor enkele sake advies gelever in die vorm van formele rapporte aan die US Raad:

Dissiplinêre Kode vir Studente van die Universiteit Stellenbosch.

Die IF het hierdie voorgestelde beleid bestudeer en dit goedgekeur, alhoewel 'n paar wysigings vir oorweging voorgestel is.

Die beleid vir die bepaling van volkoste vir navorsing en navorsingsverwante kontrakte.

Die IF het hierdie voorgestelde beleid bestudeer en sonder wysigings goedgekeur.

Aanstelling van die Viserektor: Gemeenskapsinteraksie en Personeel en die Dekaan van die Fakulteit teologie.

Die IF het, in lyn met die US Reglemente insake die Anstelling van Viserectore en die Anstelling van Dekane van Fakulteite, verteenwoordigers aangewys wat deelgeneem het aan die proses om die aanstelbaarheid van die betrokke kandidate te oorweeg en 'n voorkeurkandidaat vir elke pos aan te wys.

2. In die tweede plek is dit ook die rol van die IF om as kritiese gespreksgenoot van die Bestuur van die Universiteit, bepaalde sake te ondersoek wat met die IF se opdrag verband hou en daarop kommentaar te lewer.

Daar is met die Rektor 'n diepgaande gesprek gevoer oor die voorstelle vir die Universiteit Stellenbosch se Visie 2015.

'n Aantal kundige persone is genooi om die IF oor bepaalde aspekte toe te lig.

- a) Prof Jan Botha (Senior Direkteur Institusionele Navorsing en Beplanning) en Me Junay Adams (Assistent Direkteur Gehalteversekering) het 'n aanbieding gedoen oor die vordering met die US se Gehaltebevorderingsplan in antwoord op die Hoër Onderwys Gehaltekomitee se Institusionele Oudit van 2005.
 - b) Mnr Jerome Slamet (Direkteur van Gemeenskapsinteraksie) het met die IF lede in gesprek getree oor die Memorandum van Verstandhouding wat opgestel is tussen die Rektor van die US en die Burgemeester van Stellenbosch.
 - c) Prof Gerhard Lubbe (Dekaan van die Regsfakulteit) het die IF lede ingelig oor die oorwegings wat geld in die voorgestelde wysiging van die Statuut van die US.
 - d) Dr Ludolph Botha (Senior Direkteur: Akademiese Steun) en Mnr Pieter Kloppers (Bestuurder: Studentehuisvesting) het die voorstelle van die Taakspan vir die Bevordering van die Integrasie van PSO-studente in Leer- en Leefgemeenskappe aan die IF lede voorgehou.
3. Twee lede het die IF verteenwoordig op die Taalkomitee, sowel as die Bekendstelling en Moniteringswerkgroep en gereeld verslag gedoen aan die IF oor die werksaamhede van die betrokke komitees.

Ten slotte

Die IF het gedurende 2009 gepoog om 'n forum te wees waar sake bespreek kan word wat verband hou met die opdrag van die IF. Die IF voorsitter het deelgeneem aan 'n nasionale gespreksgeleentheid aangaande die Verslag oor die Ondersoek na Institusionele Forums wat gedoen is deur die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding. Die Verslag van die Ministeriële Komitee aangaande Transformasie en Sosiale Kohesie aan Hoër Onderwys Inrigtings is aan IF lede versprei.

Die IF kon 'n sinvolle bydrae maak tot verskeie gesprekke wat verband hou met die funksionering van die US binne die betrokke wetgewende raamwerk. Enige persoon word uitgenooi om sake wat te make het met beleid, kultuur of beplanning aan die US, onder die IF se aandag te bring vir bespreking.

Dr Le Roux van der Westhuizen
Voorsitter